Prof. C.J.H. Kruger
Departement Bantoetale

DIE HULPWERKWOORD IN TSWANA

INLEIDING

Daar het al heelwat bydraes in die Bantoetaalkundige literatuur oor hierdie onderwerp verskyn wat egter hier nie genoem sal word nie. Wat Tswana in die besonder betref, is daar veral Cole (1) en Swanepoel (2) se werk waaruit meestal deur Tswana-grammatici geput word. In hierdie kort bydrae sal slegs een enkele aspek aangeraak word, nl. 'n poging tot 'n klassifikasie van hulpwerkwoorde wat uit die aard van die saak ook nie in diepte behandel kan word nie. Verder is ook geen kritiese bespreking gegee van die bestaande bydraes oor hierdie onderwerp nie.

1.0 Klassifikasie van die werkwoordklas

Om die hulpwerkwoord op enige wyse te beskryf, is dit nodig om dit vooraf binne die raamwerk van die werkwoordkategorie te plaas, wat natuurlik neerkom op 'n *klassifikasie* van die werkwoord in subkategorieë, waarna die hulpwerkwoord verder bekyk sal kan word. Die klassifikasiebeginsels wat gebruik word is dié van Van Wyk (3) wat, kort gesê, neerkom op morfologiese, sintaktiese (valensionele) en semantiese ooreenkomste en verskille wat volgens bepaalde klassifikasietegnieke toegepas word. Dit is gedoen deur skrywer (4) hiervan. Met verskoning word die resultaat van dié klassifikasie hier slegs in tabelvorm voorgestel ná die volgende kort verduideliking.

Werkwoorde kan op grond van kombinasie al dan nie met bepalings in twee hoofdelike groepe ingedeel word, nl. in dié wat gekombineer is met bepalings en dié wat kombineerbaar is met bepalings en dié wat slegs kombineerbaar is met komplemente. Eg. groep is die gewone werkwoorde soos *-aga, -ema, -tloga, -apaya* en lg. is kopulatiewe werkwoorde soos *-nna, -le, -na* ens. en hulpwerkwoorde soos *-jafilê, -nke, -nê* ens. Die kopulatiewe werkwoorde en hulpwerkwoorde word valensioneel van mekaar onderskei deurdat eg. 'n valensie vir nie-predikatiewe en lg. 'n valensie vir predikatiewe komplemente het. Die werkwoorde en kopulatiewe werkwoorde word hier nie verder bespreek t.o.v. hulle verdere subkategorisering nie.

Die werkwoorde wat slegs valensie vir predikatiewe komplemente het, kan valensioneel weer in twee subkategorieë verdeel word op grond van

kombineerbaarheid al dan nie met onderwerpsbepalings en verplaasbaarheid met die komplement deur o.a. onderwerpsbepalings. Die wat onderwerpsbepalings kán neem, is die egte hulpwerkwoorde terwyl die ander groep die sogenaamde verstardes is, bv. *-nê, -kilê, -sala, -fitlha* en *go-tla, gore, gonnê, gobô, ntswa, ekete,* respektiewelik.

Op grond van die betekeniswaardes van laasgenoemde, het hulle 'n konnektiewe funksie, d.w.s. 'n "voegwoordelike" funksie. Ook hierdie tipe sal nie verder bespreek word nie.

Op hierdie stadium is die valensionele indelingskriteria (wat natuurlik die morfologiese en semantiese kriteria insluit) grootliks uitgeput. Gevolglik moet (suiwer) semantiese kenmerke gebruik word om ooreenkomstes en verskille te kry. Dis natuurlik bekend dat die hantering (of ignorering) van semantiese kenmerke en verskynsels, weens hulle veelfasettigheid, veral as klassifikasiekriteria, 'n baie moeilike taak is om die minste daarvan te sê. Die bespreking wat volg is dus geen uitsondering nie, want die betekeniswaardes van heelwat hulpwerkwoorde is moeilik vasstelbaar.

2. Klassifikasie van hulpwerkwoorde

Uit 'n vergelyking van die korpus hulpwerkwoorde (vgl. die tabel), blyk dit dat hulle oorwegend werkwoordkategorieë daarstel wat neerkom op 'n aanduiding van die duur of temporele verloop van die handeling of van die tyd(stip) waarop die handeling plaasvind. Dit is 'n opsigtelike semantiese kenmerk wat egter nie nou toegepas kan word nie, omdat dit op die stadium waarskynlik nog nie die grootste (omvangrykste) groepering of klassifisering gee nie.

By verdere betragting blyk dit dat 'n groep hulpwerkwoorde slegs 'n "hulpwerkwoordelike betekeniswaarde het en kopulatief in oorsprong is terwyl die res o.a. ook 'n werkwoordelike betekeniswaarde het waaruit hulle hulpwerkwoordelike betekeniswaarde afgelei kan word. Lg. word dus slegs in gebruik van hulle werkwoordelike stamme onderskei.

Die eg. groep wat slegs 'n hulpwerkwoordelike betekeniswaarde (dus ook valensie) het, kan weer in twee subkategorieë ingedeel word op grond van die feit dat een groepie sintakties onselfstandig is en tot *morfeme* ontwikkel het, nl. *-a-, -sa-, -ka-,* en *-tla* terwyl die res sintakties (struktureel) selfstandig is (*-ka* en *-tla* is dubbelslagtig omdat hulle in sekere werkwoordkategorieë by die struktureel-selfstandiges ingesluit kan word). Hierdie en ander baie interessante verskynsels word nie verder bespreek nie.

Elk van die drie groepe hulpwerkwoorde (dié wat tot morfeme ontwikkel het, dié wat slegs hulpwerkwoordelike gebruik het, en dié wat o.a. ook werkwoordelike gebruik het), is weer verder ingedeel in groepies volgens dié semantiese waardes wat in die tabel aangetoon word. Soos reeds opgemerk, sluit almal die betekeniswaardes van "duur" of "tyd" in. 'n Aanvaarbaarder beskrywing van hulpwerkwoorde in dié opsig is m.i. alleen moontlik indien die teorie van verskynsels soos o.a. tyd, aspek, modus (en ook aksionsart) in die Bantoetale verder ontwikkel kan word. (Dit is besig om ondersoek te word deur twee doktorsgraadstudente.)

Met 'n klassifikasie soos dié, wat eventueel reëlvorming moontlik maak, kan sekere verskynsels makliker ondersoek word, soos bv. die plasing van hulpwerkwoorde in hulpwerkwoordgroepe (d.w.s. hulle rangordening), die onderlinge kombinatoriese moontlikhede van hulpwerkwoorde en die verklaring van modusdeterminering van hulpwerkwoorde, om net 'n paar te noem.

Die paradigmatiese en sintagmatiese sisteemdimensies, werksaam in al die taalwetenskaplike dissiplines, en die taksonomie van linguistiese kategorieë is noodsaaklike aspekte en voorvereistes in die sistematiese beskrywing van die taalsisteem.

Die diagram hieronder is 'n kernagtige samevatting van 'n ewe kernagtige beskrywing van die hulpwerkwoorde.



Kontinuitief	Progressief	Potensief	Futuritief	Perfektief	Potensief	Futuritief	Eksistief	Negatief	Eksklusief	Kontinuitief	Temporeel-	Eksklusief	Repetetief	"Voegwoordelik"
									(Okkiusief)	(duur)	-dika -tsoga	(Okkiusief)		
-a-	-sa-	-ka-	-tla-	-nê	-kabô	-tlabô	-ba/ -bô/	-nke	-sena	-nna	-phakêla -lala	-sêtse	-aga-	go-tla
					(kê)?		-bê -be	-ketla		-ntsê	-lêtse -kilê		-boêla	go-tloga
								-ka		-tlhôla (?)	-ilê -nama		-atisa	go-fitlhêla
								-kê			-tloga			go-tsamaya
								-kake			-feta			gore
											-fitlha			gobô
								-ise			-jafilê			gonnê
								-bolô			-êta(?)			gobane
											-sala			(go)mme (?)
											-tlê			ntswa/etswa
											-tle			eke(te)
														ebilê

BIBLIOGRAFIE

COLE, D.T. 1975². An introduction to Tswana grammar. London, Longmans.

KRUGER, C.J.H. 1968. Subkategoriee van die werkwoord in Tswana. *Taalfasette 7.*

KRUGER, C.J.H. 1983. Die betekeniswaardes van die hulpwerkwoorde *-ka, -tla, -ba* in die subjunktief. Studiestuk vir skole. Transvaalse Onderwysdepartement.

SWANEPOEL, S.A. 1975. Die hulpwerkwoorde van Tswana. PU vir CHO, ongepubliseerde verhandeling.

VAN WYK, E.B. 1961. Die woordklasse van Noord-Sotho. (*In:* Feesbundel vir prof. dr. J.A. Engelbrecht. Johannesburg, APB).

VAN WYK, E.B. 1967. Word classes in Northern Sotho. *Lingua* 17, nr. 1 en 2.